**VRYDAG 13 FEBRUARIE**

**SKRIFGEDEELTE: NUMERI 22:1-12**

**FOKUSGEDEELTE: NUMERI 22:4, 12**

## Balak – Om deur God in Jesus Christus geseën te wees

Ons lees in dié Skrifgedeelte van koning Balak van Moab. Die Moabiete was familie van die Israeliete. Hulle was afstammelinge van Abraham se broerskind, Lot. Daarom vind ons dat die Israeliete nie vir Moab aanval nie. Tog is Balak en sy volk baie bang, want hulle het gehoor wat die Israeliete aan die ander volke gedoen het.

Die heidene het in daardie tyd hulleself tot toorkuns gewend, daarom lees ons van Balak wat vir Bileam nader om die Israeliete te vervloek. Bileam was lief daarvoor om ’n loon te ontvang vir die toorkunsies wat hy uitgevoer het (2 Pet. 2:15-16). Op drie verskillende plekke kom Bileam en Balak bymekaar om Israel te vervloek, maar elke keer beveel die Here vir Bileam om die Israeliete te seën.

Met Bileam se vierde uitspraak (Num. 24:15-19) sien ons waarom die kinders van die Here geseënd is. Ter wille van die ster wat uit Jakob sal kom (Op. 22:16) en die heerser wat in Israel sal opstaan (Miga 5:1) – ’n profesie wat toe al vir die kinders van die Here duidelik was: die Christus is op pad!

Net soos Balak moet elke ongelowige die opdrag van die Here besef (vs 12): *Jy mag die kinders van die Here nie vloek nie, want hulle is geseënd.* Hoe is ons deur die Vader geseën? In en deur sy Seun, Jesus Christus. Christus se eenmalige en genoegsame offer aan die kruis was ’n vloek sodat ons deur God geseën kan wees.

Daarom kan ons, wat deur Hom geseën is, in ons eie lewe so leef dat ons ook ’n seën vir ander kan wees.

*Sing: Psalm 128:3, 4 (1936)*

*Ds. FJ (Frikkie) van Rensburg (Rustenburg-Noordoos)*